STELLENBERG-GEMEENTE

021 976 4519 (kerkkantoor)
021 975 1044 (jeugkantoor)
021 910 3900 (feesmark)
021 976 8029 (SOS)

www.stellenberg.co.za
navrae@stellenberg.co.za

Jesus ons Verlosser leef! Ons reik uit oor alle grense.

DESEMBER 2017

GEMEENTEBULLETIN

REFORMEREND VORENTOE

EREDIENSTE OP SONDAE

			17 Desember (Doop)		24 Desember	
09:00	Kerk	Oggenddiens	Ds. Kotze	4	Ds. Breytenbach	5
19:00	Kapel	Kruisdiens	Philipp Dietmann	11	Ds. Kotze	12
			31 Desember		**7 Januarie**	
09:00	Kerk	Oggenddiens	Ds. Breytenbach	5	Ds. Breytenbach	1
19:00	Kapel	Kruisdiens	Ds. Breytenbach	-	Philipp Dietmann	13
			14 Januarie		**21 Januarie**	
09:00	Kerk	Oggenddiens	Ds. Visagie	3	Ds. Duvenhage	4
09:00	Kleinsaal	Gesinsdiens	Geen diens	-	Ds. Breytenbach	6
09:00	Kapel	Meditatief	Geen diens	-	Philipp Dietmann	-
09:00	Grootsaal	Graad 1's + Kleuters + ouers			Ds. Kotze	-
18:00	Kerk	Jeugdiens	Geen diens	-	Ds. Kotze	-
19:00	Kapel	Kruisdiens	Philipp Dietmann	11	Ds. Duvenhage	12

OGGENDDIENSTE

16 DESEMBER

Die erfporsie van versoening

Joh 1:12

17 DESEMBER

Ons identiteit in Christus

Open. 3:14-22

24 DESEMBER

Ons staan standvastig

Rom. 16:25-27

25 DESEMBER

Kersfees is vir almal.

Joh. 3:16

31 DESEMBER

Genoeg om van te lewe.

Gal. 4:4-7

DEUROFFER

Slegs op 25 Des: Minderbevoorregtes.

KERSDIENSTE

Kersdag: drie eredienste word in die kerk aangebied – om 07:30, 08:30 en 09:30. Ds. Peter Kotze, jeugleraar, sal die dienste waarneem. Ons doen 'n beroep op alle eredienswerkers, wat tuis is, om behulpsaam te wees by die onderskeie Kersdienste.

NUWE LIDMATE

Hartlik welkom by Stellenberg-gemeente. Besoek gerus ons webwerf www.stellenberg.co.za om meer van ons gemeente bedrywighede te wete te kom. Om aan te meld by die gemeente stuur 'n e-pos aan odette@stellenberg.co.za of besoek die kerkkantoor.

STELLENBERG INDABA

Stellenberg Indaba op Saterdag 27 Januarie vanaf 08:30 tot 12:30. Teken die datum solank aan. Ons nooi alle lidmate om te kom saam dink en gesels oor ons gemeente en ons fokus vir 2018.

BORG-'N-BERSIE-PROJEK

Die jeugbediening beoog om volgende jaar 3000 kombersies tydens die uitreike uit te deel. Borg 'n bersie deur die SnapScan-kode op die plakkate met jou selfoon te skandeer of gee kontantbydraes by die kerkkantoor af.

KATEGESE REGISTRASIE 2018

Almal registreer vir kategese – al was jy voorheen by die kategese ingeskakel. Sodoende kan ons kontakbesonderhede opdateer.

Voorskool tot graad 7: 21 Januarie om 10:00 in die grootsaal.

Graad 8 tot 11: 21 Januarie om 19:00 in die kerk, na afloop van die jeugdiens wat om 18:00 begin.

Koste: R120 per kind. Navrae: sunet@stelllenberg.co.za

VAKANTE LERAARSPOS

Ds. Fay van Eeden, wat na die gemeente beroep is, het na vele oorwegings besluit om nie die beroep te aanvaar nie. Ons sal na die vakansie die stappe rondom die uitbring van 'n nuwe beroep bekend maak.

LERAARS AAN DIENS TYDENS VAKANSIE

Leraars is soos volg gedurende die skoolvakansie beskikbaar:

- Ds. Peter Kotze (073 262 3848) is tot 25 Des. aan diens.
- Ds. Marius Breytenbach (082 376 6053) is vanaf 24 Des. vir die res van die vakansie aan diens.
- Ds. Callie Visagie (072 385 4368) is vanaf 3 Jan. aan diens.
- Ds. Why Duvenhage is vanaf 4 Jan. aan diens.
- Ds. Theo Swart, leraar slegs vir Edelweiss, is die hele vakansie aan diens.

KANTOORURE VIR FINANSIëLE KANTOOR

Maandae 11:00 tot 13:00 en ander weeksdae 09:00 tot 13:00.

KERKKANTOOR

Die kerkkantoor sal slegs vanaf 27 tot 29 Desember gesluit wees. Daar is altyd 'n leraar aan diens. Die diensrooster is links onder op dié bladsy.

STELLENBERG ONDERSTEUNING-SENTRUM

Die sentrum bied terapeutiese dienste. Kontak hulle gerus om 'n afspraak by enige van die volgende professionele persone te maak:

- Kliniese Sielkundige
- Lewensafrigter
- Mediator

021 976 8029
sos@stellenberg.co.za

TIENDEMAANDINSAMELING

U het nog geleentheid om hierdie dankoffer te gee:
In die Bybel is daar baie verwysings na geld en die regte gebruik daarvan:

- Daar is 500 verse oor gebed, minder as 500 oor geloof, maar 2350 verse oor geld en besittings
- In die 4 Evangelies handel een uit elke tien verse (288) direk oor geld.
- 16 van die 38 Gelykenisse wat Jesus vertel het, handel oor die regte aanwending van geld en besittings.

God wat saad verskaf om te saai en brood om te eet, sal ook aan julle saad gee en dit laat groei en julle vrygewigheid 'n ryk oes laat oplewer.
2 Kor 9:10

ABSA, NG Kerk Stellenberg, Tjekrekening 145 058 0011, takkode 632005. Gebruik Tiendemaand as verwysing.

Die insameling staan tans op R1 241 580. In 2016/17 is R 1 963 400 ingevorder.



DOOP OP 17 DESEMBER OM 09:00

Stephan en Amrei Botha, Duncombestraat 20A, Johannesburg, laat doop vir Emma Louise Botha.

KLEINGROEPE

Indien jy belangstel om by 'n kleingroep (gesinsgroep, gebedsgroep, groep vir afgetredenes / jongmense) in die gemeente in te skakel, stuur 'n e-pos aan

navrae@stellenberg.co.za

MUSIEKINSTRUMENTE VIR CALITZDORP

NG Kerk Calitzdorp benodig die volgende instrumente: klawerbord, elektriese kitare, baskitaar en dromme.

Kontak asb. vir Milda by 021 976 4519 / karin@stellenberg.co.za indien jy kan help.

SNAPSCAN KODE

HELP ASSEBLIEF

- **Bulletinvouers:** Indien jy in 2018 een Vrydagoggend per maand beskikbaar sal wees om vir ongeveer 90 minute behulpsaam te wees met die vou van bulletins, meld asseblief aan by Sanèl 021 976 4519 / sanel@stellenberg.co.za
- **Helpers by die kafeteria:** Indien jy bereid is om een / twee keer per kwartaal vanaf 09:00 tot 11:00 op 'n Sondagoggend 'n diensbeurt by die kafeteria te neem, kontak asb. vir Sanel by sanel@stellenberg.co.za (Jy hoef nie skottelgoed te was nie).
- **Eredienswerkers:** Ons kort dringend eredienswerkers by al die eredienste. Eredienswerkers heet kerkgangers welkom, deel bulletins uit en neem kollekte op. Daarna kan jy self die erediens bywoon. Diensbeurte is gemiddeld een keer per maand. Kontak Odette by odette@stellenberg.co.za

UITREIK NA BOTSWANA

Drie jong lidmate van Stellenberg-gemeente (Rudi Kriel, James en Simon Kotze) en twee van hulle vriende beplan om vanaf 4 tot 18 Januarie 2018 na Lobatse in Botswana uit te reik. Hulle moet fondse vir hulle vliegtuigkaartjies tot in Gaborone insamel. Bydraes kan elektronies in die volgende bankrekening inbetaal word: Capitec Spaarrekening 1553075372, takkode 470010. Besoek gerus hulle Facebook blad: Botswana mission vir meer oor hulle wederwaringe.

HARTLIK DANKIE

Baie dankie vir al die bydraes wat ons vir die kamp vir minderbevoorregtes kinders ontvang het asook die koekies en malvalekkers wat vir die seniors by Ruyterwacht geskenk is.

GEBEDSGROEP

Dinsdagaand om 19:00 in die gebedskamer. Gebedsversoeke kan via die webwerf www.stellenberg.co.za/gebedsgroep aan die groep gestuur word.

Daar is ook elke Maandag om 09:15 (slegs gedurende skoolkwartale) 'n Vrouebiduur in die gebedskamer.

Almal is welkom.

ALMANAKKE 2018

Is nou in die voorportaal van die kerk beskikbaar of deur die week by die kerkkantoor.